4. DEELTJIEMODEL EN FASES VAN MATERIE TOETS

KIES SLEGS A, B, C OF D

VRAAG 1:


1.1 Watter proses word hier voorgestel van deeltjies in 'n vloeistof?



A. Smelt.
B. Diffusie.
C. Verdamping.
D. Kondensasie.


1.2 Watter toestand is die onderste materie en hoe beweeg die deeltjies?


A. Vloeistof, en deeltjies bots heftig.
B. Vastestof, en deeltjies vibreer.
C. Gas, en deeltjies bots glad nie.
D. Geen van die bogenoemde.




1.3 Drie diagramme word voorgestel. Die eerste diagram se deeltjies se massa is 2x teenoor 'n volume *V*. Die tweede diagram se massa is die helfte van die eerste diagram teenoor 'n volume *V*. Die derde diagram se massa is die helfte van die tweede diagram se massa teenoor 'n volume *V*. Watter diagram se digtheid is $\frac{0,5\ x}{V}$?


A. Diagram 1.
B. Diagram 2.
C. Diagram 3.
D. Geen van die bogenoemde.


Diagram 1


Diagram 2


Diagram 3

1.4 Watter fase van water word voorgestel deur Punt Q?



A. Gas Fase.
B. Vastestof.
C. Vloeistof.
D. Geen van die bogenoemde

1.5 'n Sekere stof sit uit. Die aantal deeltjies voor die uitsetting is *x*. Wat is die aantal deeltjies na uitsetting?

A. *x*.
B. 2*x*.
C. 3*x*.
D. 4*x*. (5 x 2)


[10]

VRAAG 2:

2.1 Klassifiseer die volgende stowwe as vastestof, vloeistof of 'n gas.
2.1.1 'n Tandeborsel.
2.1.2 Suurstof (by kamer temperatuur).
2.1.3 Tafelsout.
2.1.4 Koolstofdioksied. (4)

2.2 Watter stowwe se digtheid sal die kleinste wees? (2)

2.3 Voltooi die volgende deur slegs die faseverandering aan te dui op die pyltjies.




(3)
[9]

VRAAG 3:

3.1 Tabelleer die verskille van die rangskikking van die deeltjies in die drie fases en ook die tipe kragte tussen die deeltjies. (5)

3.2 Beskou die volgende houer vol deeltjies. Gas word nou ingepomp in die houer. Beskryf wat gebeur met die aantal deeltjies en die druk in die houer.



(3)
[8]